# Lesing 21.03.2018 - DEEL 4 - Israel en Jerusalem se einde

***Groot Johannes Evangelie - Boek 7 - Hoofstuk 47 vervolg***

[12] Lasarus sê: "Vriend, kyk nou maar weer na die drie lig- en vuurpilare, want nou begin die twee buitenste pilare ook te beweeg en nader die een middelste pilaar. Laat ons eens sien wat daaruit voortkom! Kyk, die een aan die suidelike kant het hom nou al met die middelste pilaar verenig, maar die aan die noordekant bly staan, en ons sien nou nog maar twee daar, en die twee gee nou net soveel lig as die eerste twaalf, want hulle lig het nou feller en sterker geword. Ja, ek kan my nie voorstel, dat dit oordag ligter sou kan wees nie! Slegs die uitspansel is donkerder, en in die weste is hier en daar nog `n enkele groot ster sigbaar.

[13] En kyk eers na benede na die stad, hoe die mense deurmekaar hardloop! Selfs op die gewels van die huise staan mense en staar na die verskynsel! Maar nou beweeg ook die noordelike pilaar hom na die middelste toe en verenig hom daarmee! Nou gaan dit nog maar om één pilaar!"

[14] Nikodemus sê: "Dit is werklik hoogs merkwaardig! Ek vra my af wat daar verder nog gaan gebeur?"

Nikodemus voor die Meester

48 [1] Nikodemus het die vraag nog maar nouliks gestel, of die een oorblywende pilaar verhef homself en styg hoër en hoër, en wel so langdurig en ook uiters vinnig, dat mens baie gou heeltemal niks meer daarvan gesien het nie, en dit word weer baie donker op die aarde.

[13] Nikodemus sê: "O Meester, die verskynsel was iets ongelooflik, nog nooit het dit sedert die begin van hierdie wêreld voorgekom nie! Maar wat dit beteken, sal U wel beter weet as ons almal hier, en daarom sou ek slegs `n vraag aan U wil stel. .... Maar wat beteken die verskynsel? U, o Meester, sal dit wel die allerbeste weet, netsoos ek al sê! As dit U sou pas, kan U ons wel iets daaroor vertel!"

[14] Ek sê: "Die verskynsel was My wil en dus ook My werk; maar Ons het later nog wel tyd om iets meer daaroor te sê. Bly nog maar netso rustig, want die verskynsel wat jy sien, was nog nie die laaste wat hierdie nag sal bring nie; eers daarna sal die uitleg in huis volg! Kyk julle nou almal omhoog en sien wat daar deur middel van `n beeld getoon word!"

Die verskyning van die ou en die nuwe Jerusalem

49 Toe almal nou hulle oë omhoog rig, word die hemel gloeiend en bloedrooi gekleur, en mens sien die stad Jerusalem teen die gloeiende agtergrond, deur Romeinse soldate beleër, en uit die poorte van die stad stroom bloed. Spoedig daarna staan die stad in ligte laaie en waar mens ookal kyk, oral sien mens dik rookwolke. Kort daarna sien mens geen stad meer nie, maar alleen nog `n rokende puinhoop. Ten slotte verdwyn dit ook, waarna `n mens `n onvrugbare woesteny sien, waarop wilde hordes hulle woonplekke bou. Daarna verdwyn die visioen en hoor mens uit die stad `n enorme angsgeskreeu; Nikodemus dink toe dat daar nou `n kennelike oproer in die stad uitgebreek het.

[2] Maar Ek stel hom gerus en sê: "Sover nog nie; maar vanaf nou oor veertig of vyftig jaar sal dit wel in hierdie land gebeur en sal hierdie stad volledig vernietig word, sodat sy die tyd van haar baie barmhartige beproewing nie sal wil sien nie. Maar wag nou nog op die laaste! Eers daarna sal Ons na binne gaan en met mekaar daaroor spreek. Let nou nog verder op wat julle sal sien!"

[3] Na hierdie aanwysing van My kyk almal weer na die uitspansel, en die ligpilaar daal nogmaals uit die hoogte neer op aarde, maar nie meer op die plek waar hy vroeër uit twaalf aparte pilare ontstaan het nie, maar heeltemal aan die ander kant in die weste, en versprei nog veel meer lig as voorheen. Spoedig daarna verdeel hy homself, nou nie meer in twaalf pilare nie, maar in talloos baie dele, waaruit daar `n baie groot stad vorm, met mure wat uit die twaalf vernaamste edelgesteentes bestaan, wat na alle kante toe `n baie veelsoortige lig uitstraal. En daar word twaalf poorte sigbaar, waardeur talloos baie mense uit alle dele van die aarde geluksalig in en uit loop.

[4] Bo die stad, hoog in die lug staan, soos in robyn en smarag letters, `n oud Hebreeuse teks, waarvan die woorde as volg lui: "Dit is die nuwe stad van Elohim, die nuwe Jerusalem, wat eens uit die hemel sal neerdaal na die mense wat rein van hart en van goeie wil sal wees; daarin sal hulle vir ewig met Elohim woon en Sy Naam loof en prys." Hierdie teks, netsoos die hele verskynsel was egter maar net sigbaar vir diegene wat met My op die berg was, en verder vir niemand in die hele land nie.

[5] Nadat alle aanwesiges in jubelende gejuig uitgebars het en My hardop wou aanbid, verdwyn die verskynsel; en Ek sê vir almal dat hulle vir Elohim in die stilte van hulle harte moes aanbid en nie met luide, lawaaierige woorde soos die fariseërs, wat vir Elohim geen waarde het nie. Toe staak hulle dit en hou in die stilte van hulle harte hulle beskouings.

[6] Na `n klein rukkie sê Ek: "Dit het nou middernag geword, laat Ons binnenshuis gaan om brood en wyn daar te nuttig. Daarna sal Ek julle die verskynsels kortliks uitlê naamlik wat plaasgevind het."